

27 Maart

Skrifgedeelte: Psalm 131

Fokusgedeelte: Psalm 131:1-3

Rustig en tevrede by God

Daar kan beswaarlik 'n vredevoller prentjie wees: 'n klein kindjie wat knus in die arms van sy moeder ingewikkel is. Hy is op die plek waar hy wil wees, waar hy hoort: warm, veilig, rustig en tevrede. Die gesinsman Dawid sien dit raak en dit word vir hom die beeld van die gelowige kind van God wat sy rus en tevredenheid vind by sy hemelse Vader. Hoe heerlik om so by God te kan wees!

Tog is daar soveel kere wat ons deur ons eie kleingeloof en hardkoppigheid ons hierdie tere oomblikke saam met God ontnem. Een van die grootste redes hiervoor is hoogmoed en selftrots. Soos Dawid, moet ek leer om van die eie ek af te sien en al my kwelvrae en sorge aan God oor te laat. Ek moet leer om te berus by Hom wat beter weet as ek en wat in sy liefdevolle versorging alles beheer wat in my lewe gebeur. Dit is nie maklik nie. Dit vra geweldig baie. Dit vra oefening en dissipline in my geloofslewe. Dit vra gebed en worsteling met die Here. Dit vra 'n hart wat weer sag word en oë wat weer nederig word.

As dit gebeur, verdwyn die ontstuiptheid in my binneste. Ek voel anders as vantevore. Die wêreld kan maar skuim en klots. Die *wilde heidendom* kan maar *dring en dryf*. Ek het rus en kalmte in my, want ek besef weer wie en wat ek in Jesus Christus my Here is. Soos 'n kindjie by sy moeder, so vind ek geborgenheid en tevredenheid by God. Ek wikkel my knus in sy arms in. Want dit is waar ek wil wees – waar ek hoort: warm, veilig, rustig en tevrede.

Sing: Psalm 131:1-3 Ds EJ Smit (Nelspruit)